

R4.50

BTW INGESLUIT
SATERDAG
12 DESEMBER 2009

NOORD-KAAP



Anderson wen weer

DIE voortslepende stryd oor die tugverhoor van 'n bekende voëlkundige, dr. Mark Anderson, is dalk iets van die verlede nadat 'n aansoek van die Noord-Kaapse departement van toerisme om verlof om teen 'n vorige uitspraak te appelleer, in die hooggeregshof in Kimberley geweier is. **BLADSY 7**

Strydbyl oor voëlkundige se verhoor begrawe

Aansoek om appèl geweier

■ FRANS COETZEE

KIMBERLEY. – Die strydbyl oor 'n bekende voëlkundige en voormalige werknemer van die departement van toerisme se gewraakte tugverhoor is begrawe toe 'n aansoek van die departement om verlof om teen 'n regter se vorige uitspraak te appelleer met koste in die hooggeregshof afgewys is.

Dit kom nadat 'n tussentydse bevel teen die LUR en departementshoof van toerisme, omgewing en bewaring in die Noord-Kaap op 31 Julie in die hooggeregshof bekragtig is.

Die bevel (en aanvanklike tussentydse bevel) het die departement verbied om in September verlede jaar met dr. Mark Anderson se tugverhoor voort te gaan.

Dieselfde dag het regter C.C. Williams die LUR en die departementshoof skuldig bevind aan minagting van die hof omdat hulle ondanks die tussentydse bevel tog met die tugverhoor (in die afwesigheid en sonder die kennisneming van Anderson) voortgegaan het.

Anderson, 'n voormalige natuur-bewaringswetenskaplike in die departement, het op 11 September verlede jaar skriftelik bedank weens die departement se optrede teen hom wat voortgesette werk vir die departement onuitvoerbaar gemaak het.

Regter Williams het in haar jongste uitspraak gesê dit is verkeerd om aan te voer die departements-

hoof is die enigste beampte wat kragtens die openbare dienswet gemagtig is om met dissiplinêre kwessies te handel.

Die wet maak spesifiek melding van die uitvoerende gesag (in dié geval die LUR) se magte en pligte betreffende die werwing, aanstelling, werkverrigtingbestuur, oorsplasing, aftanking en ander loopbaanvoorvalle van werknemers van die departement.

In dié omstandighede is dit ondenkbaar dat die LUR van 'n departement enige dissiplinêre mag betreffende 'n werknemer van die departement kan ontken.

“Ek meen 'n redelike vooruitsig op sukses van die appèl op die grondslag dat die verkeerde party as verweerder gedagvaar is, bestaan nie.”

Die regter het gesê wat betref die aansoek om verlof om teen die minagtingbevel te appelleer, bevind sy die vroulike departementshoof se houding dat die hofbevel van 18 September verlede jaar nie op haar gebonde is nie, as uiters swak.

Die bevel is op almal in staatsinstansies van toepassing. Dit sluit ook individuele beamptes in wat 'n openbare mag beklee, of 'n openbare handeling kragtens enige wetgewing uitvoer.

Adv. Chris Botha het in opdrag van Adrian, Horwitz & Associates vir Anderson opgetree. Adv. L.T. Sibeko het namens die staatsprokureur vir die LUR en departementshoof opgetree.